

22 September 2019



h a l l o . H o o g l a n d

*Geloof deur liefde tot daad*

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | www.facebook.com/pehoogland

Ons verwelkom vanoggend Ds Rikus Botha hier by Hoogland!

Johannes 8:31-47 | Die aard van waarheid



09:00 @ Hoogland

### Nuwe intrekkers en -lidmate

Indien jy 'n nuwe intrekker of lidmaat in die gemeente is, wil ons net sê -  
*baie welkom in die Hooglandfamilie !!*

Meld asseblief in die voorportaal by die hoofdeur aan vir enige navrae. Neem gerus 'n "Nuwe Lidmate" koevert in die brosjurevakkies of stuur 'n e-pos na [annalize@pehoogland.co.za](mailto:annalize@pehoogland.co.za). Kom geniet 'n lekker koppie koffie in die voorhuis na afloop van die erediens. (Net links van die hoofingang in die voorportaal.)

Gaan gerus ook na Hoogland se webblad by [www.pehoogland.co.za](http://www.pehoogland.co.za) onder EK WIL... en dan 'N LIDMAAT WORD en voltooi die Inligtingsvorm aanlyn.

### MATRIEKS 2019 - "SAVE THE DATE"

Sondag, 6 Oktober om 08:30 - SKOOLVERLATERSDIENS  
spesiaal vir alle matrieks, hulle ouers en onderwysers!

## Program vir die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Rikus Botha

Deurkollekte: VCSV Oos Kaap

Gebedsgeleentheid: na die diens in die moederskamer. Almal is welkom.

Koffie: direk *na die oggenddiens* in die Voorhuis.

**GEEN Aandbyeenkoms** as gevolg van Skoolvakansie

## Program vir die week

Maandag : 23 September  
Kerkkantoor Gesluit

Dinsdag : 24 September  
Erfenisdag

Donderdag : 26 September  
10:30 Woord werkgroep  
18:00 *Coffee Talks* in die Jeuglokaal

## Nuus vanuit die kerkkantoor

Ds Pieter sal vanaf 21 - 30 September 2019 met verlof wees. Kontak gerus die kerkkantoor of Ds Thania in 'n noodgeval.

Let asseblief daarop dat die kerkkantoor **Maandag, 23 September gesluit sal wees** vir die langnaweek.

## Nuwe Eredienstye

08:30

Onthou asseblief van **die NUWE eredienstye** vanaf Sondag, 6 Oktober 2019 vir kwartaal 4 & 1.

## PE Noord *klerewinkel*

PE Noord se *klerewinkel* is amper leeg gekoop. Indien daar enige iemand is wat 'n bydrae met klere wil maak vir PE Noord se *klerewinkel*, kan u dit gerus by die kerkkantoor kom afgee. Baie mense en die gemeente is afhanklik daarvan.

## Whatsapp

Indien u nie die weeklikse Whatsapp boodskap vanuit die kerkkantoor ontvang nie laat weet gerus vir Annalize om jou deel te maak van die Whatsapp Groepe.

## Nominasies vir die Kerkraad

Daar is tans vakatures op die kerkraad beskikbaar en nominasies is in die brosjure-vakkies beskikbaar. U kan die getekende nominasievorm e-pos na [saretta@pehoogland.co.za](mailto:saretta@pehoogland.co.za) of faks na 0866 134 096 of by die kantoor inhandig.